PRAMISUL word hoofsaaklik deur die niere opgeruim. In die geval van ontoereikende nierfunksie, behoort die dosis tot die helfte verminder te word in pasiënte met kreatiniensuiwering(CrCL) van 30 - 60 m/ml/min en tot 'n derde in pasiënte met CrCl van 10 - 30 ml/min (Sien afdeling 4.4).
Aangesie daar geen ondervinding bestaan in pasiënte met erg ontoereikende nierfunksie nie (CrCl < 10 ml/min.), behoort hierdie pasiënte nie **PRAMISUL** te ontvang nie.

Metode van toediening
Vir orale gebruik.

4.3 Kontra-indikasies

PRAMISUL word teenaangedui in:
- Hipersensitiwiteit teen amisulpried of enige van die bestanddele van **PRAMISUL** gelys in afdeling 6.1.
- Gevalle van die meegaande gebruik van ander medisyne wat die risiko van torsades de pointes, en/of verlenging van die QT-interval mag induseer of vererger (sien afdeling 4.4 en 4.5).
- Kongenitale verlenging van QT-verlenging.
- Die meegaande gebruik van prolaktienafhanklike tumore bv. pituitêre klier prolaktinome en borskanker.
- Feochromositoom.
- Swangerskap en laktasie (sien afdeling 4.6).
- Kinders jonger as 15 jaar oud.
- Vroue wat mag swanger raak, tensy hulle voldoende voorbehoeding gebruik.
- Erg ontoereikende nierfunksie (sien afdeling 4.2).
- Kombinasie met die volgende medisyne wat torsades de pointes kan induseer, soos:
  - Klas IA antidisritmiese medisyne soos klinidiendisopiramied.
  - Klas III antidisritmiese medisyne soos amiodaroon en sotalol
- Ander medisyne soos bipradiel, kisapried, sultopried, tioridasien, metadoon, IV eritromisien, IV vinkamien, halofantrien, pentamidien, sparfloksasien (sien afdeling 4.5).
- Kombinasie met levodpa (sien afdeling 4.5)

4.4 Spesiale waarskuwings en voorsorgsmaatreëls

Neuroleptiese kwaadaardige sindroom
Neuroleptiese kwaadaardige sindroom, 'n Potensieel fatale komplikasie, gekenmerk deur hipertermie, spierstyfheid, outonome onstabiliteit, verandering in bewussyn en 'n toename in kreatienfosfokinase (CPK) mag voorkom. In die geval van hipertermie, veral met hoë daaglikse dosisse, behoort alle antipsigotiese middels, insluitende **PRAMISUL**, onttrek te word.

Hiperglukemie
Hiperglukemie, in sommige gevalle ekstreem en met ketoasidose, of hiperosmolare koma of dood is met sommige is met sommige atipiese antipsigotiese middels aangemeld geassosieer. Pasiënte met 'n vasgestelde diagnose van diabetes mellitus wat op **PRAMISUL** begin word, behoort gereeld vir die agteruitgang van glukosebeheer gemonitor te word. Pasiënte met risikofaktore vir diabetes mellitus (bv. vetsug, familiële geskiedenis van diabetes)Wat op behandeling met **PRAMISUL** begin word, behoort vir simptome van hiperglukemie, insluitende polidipsie, poliürie, polifagie en swakheid gemonitor te word. Pasiënte wat simptome van hiperglukemie gedurende die behandeling met **PRAMISUL** ontwikkel, behoort vastende bloedglukosetoetsing te ondergaan. Sommige pasiënte mag egter voortsetting van antidiabetiese behandeling benodig, ongeag staking van die verdagte medisyne.

Ontoereikende nierfunksie
PRAMISUL word deur die niere opgeruim. In die geval van ontoereikende nierfunksie behoort die dosis verminder te word of afwisselende behandeling kan oorweeg word (sien afdeling 4.2)

Stuipaanvalle
PRAMISUL mag die drumpelwarde vir stuipaanvalle verlaag. Daarom behoort pasiënte met 'n geskiedenis van epilepsie noukeuring gedurende terapie met **PRAMISUL** gemonitor te word.

Bejaardes
PRAMISUL behoort weens 'n moontlike risiko van hipotensie of sedering met spesiale sorg in bejaardes. Weens ontoereikende nierfunksie mag 'n laer dosering ook nodig wees.

Parkinson se siekte
Sorg behoort aan die dag gelê te word wanneer **PRAMISUL** aan pasiënte met Parkinson se siekte toegedien word aangesien dit die siekte mag vereger. **PRAMISUL** behoort slegs gebruik te word wanneer neuroleptiese behandeling nie vermy kan word nie.

Akute onttrekkingsimptome
Akute onttrekkingsimptome, insluitende naarheid, braking en slaaploosheid is aangemeld na die vinnige staking van hoë dosisse van antipsigotiese medisyne. Die terugkeer van psigotiese simptome mag ook voorkom, en die ontwikkeling van onwillekeurige bewegingsafwykings (soos akatisie), distonie en diskinesie) is met **PRAMISUL** aangemeld (sien afdeling 4.8) Daarom word die geleidelike onttrekking van **PRAMISUL** aanbeveel.

Verlenging van die QT-interval
Sorg behoort aan die dag gelê te word wanneer **PRAMISUL** aan pasiënte met 'n bekende kardiovaskulêre siekte of 'n familiële geskiedenis van QT-verlenging het, voorgeskryf word. **PRAMISUL** induseer 'n dosisafhanklike verlenging van die QT-interval (sien afdeling 4.8). Dit is bekend dat hierdie effek die risiko van ventrikulêre disritmieë soos torsade de pointes potensieer. Voor enige toediening, en indien moontlik volgens die pasiënt se kliniese status, word daar aanbeveel om die volgende faktore wat die voorkoms van hierdie ritme kan bevoordeel, uit te sluit:
- Bragikardie van minder as 55 spm
- Hartsiekte of familiële geskiedenis van skielike dood of QT verlenging
- Elektrolietwanbalans, veral hipokalemie
- Kongenitale verlenging van die QT-interval
- Voortgaande behandeling met medisyne wat waarskynlik erge bragikardie (< 55 spm) sal veroorsaak, hipokalemie, afname in intrakardiese geleiding of verlenging van die QT-interval (sien afdeling 4.5)

Die basislyn EKG behoort voor behndelinginalle pasiënte, veral inn bejaardes en pasiënte positiewe persoonlike of familiële geskiedenis van hartsiekte of abnormale bevindings tydens kliniese hartondersoek. Gedurende terapie behoort die behoefte aan 'n EKG op 'n indiwiduele pasiëntbasis gebaseer te word.Die dosis van **PRAMISUL** behoort verlaag te word as die QT-interval te lank is en gestaak w ord wanneer die QTc > 500ms is. Periodiese elektrolietmontitering word aanbeveel, veral as die pasiënt diuretika gebruik of selfs gedurende die huidige siekte.

Die gelyktydige gebruik saam met antipsigotika behoort vermy te word (sien afdeling 4.5).

Beroerte:
In ewekansige kliniese proewe versus plasebostudies in 'n populasie van bejaarde pasiënte met demensie en wat met sekere atipiese antipsigotiese medisyne behandel is, is 'n drievoudige toename in die risiko van serebrovaskulêre gebeurtenisse waargeneem. Die meganisme van so 'n toename in risiko is nie bekend nie. 'n Toename van risiko met ander antipsigotiese middels, of ander populasies of pasiënte kan nie uitgesluit word nie. **PRAMISUL** behoort met sorg in pasiënte risikofaktore vir beroerte gebruik te word.

Bejaarde pasiënte met demensie:
Bejaarde pasiënte met demensieverwante psigose wat met antipsigotiese middels behandel word, het 'n groter risiko vir dood. Alhoewel die oorsake van dood in kliniese proewe met atipiese antipsigotika gewissel het, het dit gelyk asof die grootste aantal sterftes kardiovaskulêr (bv. hartversaking, skielike dood) of besmetlik (bv. pneumonie) van aard was. Uit waarnemingstudies wil dit voorkom, netsoos met atipiese antipsigotiese medisyne, asof behandeling met konvensionele antipsigotiese medisyne, die mortaliteit mag verhoog.

PRAMISUL is nie vir die gebruik van demensieverwante gedragsafwykings geregistreer nie.

Veneuse tromboëmbolisme (VTE)

Gevalle van VYE is met antipsigotiese medisyne aangemeld. Aangesien pasiënte wat met antipsigotika behandel word dikwels met verworwe risikofaktore vir VTE presenteer, behoort alle risikofaktaore vir VTE geïdentifiseer te word voor en gedurende die gebruik van **PRAMISUL,** en behoort voorsorgsmaatreëls getref te word.

Borskanker
PRAMISUL mag prolaktienvlakke verhoog Daarom behoort sorg aan die dag gelê te word in pasiënte met 'n geskiedenis of familiëlegeskiedenis van borskanker gedurende terapie met **PRAMISUL** en behoort noukeurig gedurende terapie met **PRAMISUL** gemonitor te word.

Bloedddiskrasieë
Leukopenie, neutropenie en agranulositose is met antipsigotika, insluitende **PRAMISUL**, aangemeld. Onverklaarbare infeksies of koors mag bewys wees van boedddiskrasieë (sien afdelinfg 4.8) en vereis onmiddellike hematologiese ondersoek.

Laktose
Pasiënte met die skaars oorerflike probleem van onverdraagbaarheid van galaktose, die Laplandse laktasetekort of wanabsorpsie van glukose/galaktose, moet nie **PRAMISUL** gebruik nie.

4.5 Interaksie met ander medisyne en ander vorms van interaksie

Teenaangeduide kombinasies
- Medisyne wat torsade de pointes kan induseer:
  - Klas IA antidisritmiese middels soos kinidien en disopiramied
  - Klas III antidisritmiese middels soos amiodaroon en sotalol
  - Ander medisyne soos bepridiel, kisapried, sultopried, tioridasien, metadoon, eritromisien (intraveneuse toediening), vinkamien (intraveneuse toediening) halofantrien, pantamidien, sparfloksasien, asool swamweerders (sien afdeling 4.3).
- Levodopa: wedersydse antagonisme van effekte tussen levodopa en neuroleptika. **PRAMISUL** mag die effekte dopamienagoniste bv. bromokriptien en ropinirool teenwerk.

Kombinasies wat nie aanbeveel word nie
- Medisyne wat die risiko van torsade de pointes verhoog of die QT-interval kan verleng:
  - Bragikardie-induserende middels soos beta-blokkeerders, bragikardie-induserende kalsiumkanaalblokkeerders soos diltiasem en verapamiel, klonidien, guanfasien en digitalis
  - Medisyne wat hipokalemie elektrolietwanbalans induseer soos Hipokalemiese diuretika, stimulerende lakseermiddels, amfoterisien B (intraveneuse toediening), glukokortikoïede en ketrakosaktides Hipokalemie behoort reggestel te word (sien afdeling 4.3)
  - Antipsigotika soos pimosied en haloperidol (sien afdeling 4.3)
  - Imipramien antidepressante
  - Litium
  - Sommige antihistamiene soos astemisool en terfinadien
  - Meflokien
- **PRAMISUL** mag die sentrale effekte van alkoholvererger. Daarom behoort alkohol nie gedurende terapie gebruik te word nie.

Kombinasies wat voorsorgsmaatreëls vir gebruik vereis
Die gelyktydige gebruik van die volgende middels mag tot die potensiëring van die middel lei:
- SSS depressante insluitende narkotika, anestetika, pynstillers, sedatiewe H1 antihistamiene, barbiturate bensodiasepienen en ander angsiolitiese middels, klonidien en derivate.
- Antihipertensiewe middels en ander hipotensiewe middels.

4.6 Vrugbaarheid, swangerskap en laktasie
Die veiligheid vab **PRAMISUL** gedurende swangerskap en laktasie is nie vasgestel nie.

Vroue wat moontlik swanger mag raak
Vir vroue wat moontlik swanger mag raak, behoort effektiewe voorbehoeding voor behandeling ten volle met die dokter bespreek te word.

Swangerskap
Die gebruik van **PRAMISUL** word teenaangedui in swangerskap (sien afdeling 4.3).

Neonate wat aan antipsigotika (insluitende **PRAMISUL** gedurende die derde trimester van swangerskap blootgestel loop 'n risiko van newe-effekte, insluitende ekstrapiramidale en/of onttrekkingsimptome wat in graad van erns duurte mag wissel na geboorte (sien (afdeling 4.8).Daar bestaan vermeldings van agitasie, hipertonie, hipotonie, bewerasie, slaapsug, moeite met asemhaling of voedingsafwyking. Gevolglik behoort pasgebore babas noukeurig gemonitor te word.

Laktasie
Dit is nie bekend of **PRAMISUL** in borsmelk uitgeskei word nie. Borsvoeding word daarom teenaangedui (sien afdeling 4.3).

Vrugbaarheid
In dierestudies is 'n afname in vrugbaarheidgekoppel aan die farmakologiese effekte van die medisyne (prolaktien gemedieerde effekte) waargeneem.

4.7 Vermoë om te bestuur en om met masjinerie te werk

Wanneer soos voorgeskryf word, gebruik word, veroorsaak **PRAMISUL** slaapsug wat die vermoë om te bestuur en om met swaar masjinerie te werk beperk.

4.8 Newe-effekte

a. Opsomming van die veiligheidsprofiel
Aan die begin van behandeling kom hardlywigheid, naarheid, braking en droë mond dikwels voor.
Ekstrapiramidale simptome kom ook dikwels voor: bewerasie, styfheid, hipokinesie, oormaat speeksel, akatisie en diskinesie.

b. Getabuleerde lys van newe-effekte

Orgaansisteem klas	Dikwels	Minder dikwels
Afwykings van die immuunsisteem		Allergiese reaksie
Endokriene afwykings	Galaktorree, amenorree, of menstruele afwykings, ginekomastie, borspyn of-vergroting, prolaktinomie (sien afdeling 4.3), erektiele disfunsie	
Metabolisme- en voedingsafwykings		Hiperglukemie (sien afdeling 4.4)
Psigiatriese afwykings	Slaaploosheid, angs, agitasie, orgasmiese disfunksie	
Afwykings van die senuweestelsel	Ekstrapiramidale simptome mag voorkom: bewerasie, styfheid, hipokinesie, oormaat speeksel, akatisie, diskinesie, akute distonie (spasma torticollis, okulogiriese krisis, trismus), slaapsug	Tardiewe diskinesie, gekenmerk deur ritmiese, onwillekeurige bewegings hoofsaaklik van die tong en/of gesig is aangemeld,, gewoonlik na langtermyn toediening.
Hartafwykings	Hipotensie	Bragikardie
Gastroïntestinale afwykings	Hardlywigheid, naarheid, braking, droë mond	
Algemene afwykings en kondises by die plek van toediening		Naarheid, braking, terugkeer van psigotiese simptome, ontwikkeling van onwilleurige beweginsafwykings, soos akatisie, distonie en diskinesie)(sien afdeling 4.4)
Ondersoeke	Massatoename	Verhoging van lewerensieme, hoofsaaklik transaminases

Na bemarkingsdata

	Frekwensie of voorkoms
Orgaansisteem klas	**Frekwensie onbekend**
Afwykings van die bloed- en limfsisteem	Leukopenie, neutropenie en with , agranulositose (sien afdeling 4.4)
Metabolisme- en voedingsafwyings	Hipertrigliseridemie en with , hipercholesterolemie
Psigiatriese afwykings	Verwardheid
Afwykings van die senuweestelsel	Neuroleptiese kwaadaardige sindroom (sien afdeling 4.4) wat 'n potensieel fatale komplikasie mag wees
Hartafwykings	QT-interval verlenging en ventrikulêrearritmieë soos torsade de pointes, ventrikulêre tagikardie wat tot ventrikulêre fibrillasie of hartstilstand of skielike dood mag lei.
Vaskulêre afwykings	Gevalle van veneuse tromboëmbolisme mag lei, insluitende gevalle van pulmonêre embolisme, soms fataal, en gevalle van diepaar trombose is met antipsigotiese middels aangemeld.
Afwykings van die vel en subkutane weefsel	Angioëdeem, urtikarie
Swangerskap, puerperium en perinatale kondisies	Medisyne onttrekkingsimptome en neonate (sien afdeling 4.6)

c. Beskrywing van geselekteerde newe-effekte
Toename in prolaktienvlakke
Amisulpried veroorsaak 'n toename in die prolaktienvlakke in die bloed, wat omkeerbaar is wanneer die middel onttrek word. Dit mag tot galaktorree, amenorree, menstruele afwykings, ginekomastie, borspyn of -vergroting, prolaktinoom (sien afdeling 4.3) en erektiele disfunksie lei.

Ekstrapiramidale simptome
Bewerasie, styfheid, hipokinesie, oormaat speeksel akatisie, diskinesie is gewoonlik gering teen optimale dosisse en gewoonlik omkeerbaar sonder onttrekking van **PRAMISUL** met die toediening van antiparkinsonmedikasie. Die voorkoms van ekstrpiramidale simptome wat dosisverwant is, bly baie laag in die behandeling van pasiënte met predominante negatiewe simptome met dosisse van 50 - 300 mg/dag.

Akute distonie
Akute distonie (spasma torticollis, oculogyric krisis, trismus) kan verskyn. Dit is omkeerbaar sonder staking van **PRAMISUL** by behandeling met 'n antiparkinsoniese medisyne.

Tardiewe diskinesie
Tardiewe diskinesie wat deur ritmiese, onwillekeurige bewegings hoofsaaklik van die tong en/of gesig gekenmerk word, gewoonlik na 'n lang periode van toediening.

d. Aanmelding van verdagte newe-effekte
Die aanmelding van verdagte newe-effekte van die medisyne na registrasie is belangrik. Dit laat toe vir aanhoudende monitering van die voordeel/risikobalans van die medisyne. Gesondheidsorgverskaffers word versoek om enige verdagte newe-effektte aan SAHPRA via: "**6.04 Newe-effekte Reaksie Aanmeldingsvorm**" wat aanlyn onder SAHPRA se publikasie gevind kan word: https://sahpra.org.za//Publications/Index/8.

4.9 Oordosering
Ondervindingvan oordosering met **PRAMISUL** is beperk**.** Verergering van die bekende farmakologiese effekte van die medisyne is aangemeld. Dit sluit die volgende in: lomerigheid en sedering, koma, hipotensie en ekstrapiramidale simptome. Fatale simptome is aangemeld, hoofsaaklik in kombinasie met ander psigotropiese middels
In gevalle van akute oordosering behoort die moontlikheid van veelvoudige medisyne oorweeg te word.
Aangesien **PRAMISUL** swak gedialiseer word, is hemodialise van geen nut om hierdie medisyne te elimineer nie.
Daar is gee spesifieke teenmiddel vir **PRAMISUL** nie.

Toepaslike ondersteunende maatreëls behoort ingestel te word met noukeurige monitering van lewenstekens, insluitende aanhoudende hartmonitering weens die risiko van verlenging van die QT-interval totdat die pasiënt herstel.
As erge ekstrapiramidale simptome behoort antichlinergiese medisyne toegedien word.

5 FARMAKOLOGIESE EIENSKAPPE

5.1 Farmakodinamiese eienskappe
Ander antipsigotika, ATC code: N05AX12
Farmakologiese klassifikasie: A.2.6.5 Kalmeermiddels, ander strukture

Meganisme van werking
Amisulpried bind selektiewelik met 'n hoë affiniteit aan menslike dopaminergiese D2/D3 reseptor sub-tipes terwyl dit geen affiniteit vir D1, D4, en D5 reseptor sub-tipes het nie.
Amisulpried het geen affiniteit vir serotonien, alfa-adrenergiese, histamien H1 en cholinergiese reseptors nie. Boonop bind amisulpried nie aan sigmabindingsplekke nie.
Teen hoë dosisse in dierestudiesblok amisulpried die dopaminreseptorsin die limbiese strukture eerder as dié in die striatum.
Teen lae dosisse blokkeer dit eerder die pre-sinaptiese D2/D3 reseptors wat dan dopamien vrystel wat tot sy disinhibitoriese effek lei.
Die farmakologiese profielverduidelik die kliniese effektiwiteit van amisulpried teen beide negatiewe en positiewe simptome van skisofrenie

5.2 Farmakokinetiese eienskappe

Absorsie
In die mens toon amisulpried twee absorpsiepieke, en wat vinnige bereik word, een uur na dosering en 'n tweede een tussen 3 en 4 ure na toediening. Ooreenstemmende plasmakonsentrasies is 39 ±4 ng/ml en ±4 ng/ml na 'n dosis van 50 mg. Die absolute biobeskikbaarheid is 48 %'n Koolhidraatryke maaltyd bevattende 65 % vog het die AOKs, T_{maks}, K_{maks} van amisulpried aansienlik verminder, maar geen veranderingeis is in 'n hoë-vet maaltyd waargeneem nie. Die noemenswaardigheid van hierdie bevindings in die kliniese roetine is egter nie bekend nie.

Verspreiding
Die volume van verspreiding is 5,8 L/kg, plasmabinding is laag (16 %)

Biotransformasie
Amisulpried word swak gemetaboliseer: Twee onaktiewe metaboliete wat ongeveer 4 % van die dosis opmaak, is geïdentifiseer. Daar vind geen akkumulasie van amisulpried plaas nie en sy farmakokinetika bly onveranderd na die toediening van herhaalde dosisse.

Opruiming
Amisulpried word onveranderd in die urien uitgeskei. Vyftig persent van 'n intraveneuse dosis word in die urien uitgeskei, waarvan 90 % binne die eerste uur plaasvind. Nieropruiming is in die orde van 20 L/h of 330 mL/min. Die opruimingshalfleeftyd van amisulpried is ongeveer 12 ure na 'n enkel mondelikse dosis.

Spesiale populasies

Ontoereikende lewerfunksie
Aangesien die medisyne swak gemetaboliseer word, behoort 'n afname in dosis nie nodig te wees in die geval van ontoereikende lewerfunksie nie.

Ontoereikende nierfunksie
Die eliminasiehalfleeftyd bly onveranderd in pasiënte met ontoereikende nierfunksie terwyl sistemiese opruiming met 'n faktor van 2,5 tot 3 afneem. Die AOK van amisulpried in gering ontoereikende nierfunksie neem tweevoudig en byna tienvoudig toe matig ontoereikende nierfunksie (sien afdeling 4.2). Ondervinding is egter beperk en daar bestaan geen data met dosisse van meer as 50 mg nie.
Amisulfied word baie swak gedialiseer.

PRAMISUL word deur die niere uitgeskei. In gevalle van ontoereikende nierfunksie behoort die dosis na die helfte in pasiënte met kreatinien-opruiming (CR_{CL} tussen 30 - 60 mL/ en na 'n derde in pasiënte met tussen 10-30 mL/min verminder te word. Aangesien daar geen ondervinding in pasiënte met nieropruiming (CR_{CL} < 10 mL/min) bestaan nie, behoort **PRAMISUL** nie aan hierdie pasiënte toegedien te word nie.

Bejaardes
Beperkte farmakokinetiese dat in bejaarde pasiënte (> 65 jaar ou) toonnaan dat 'n 10-30 % verhoging in K_{maks}, $T_{1/2}$ en AOK na 'n enkel dosis van 50 mg voorkom. Geen data is beskikbaar na herhaalde dosering nie.

5.3 Prekliniese veiligheidsdata
'n Alghele oorsig van ndie voltooidem veiligheidstudies toon aan dat amisulpried geen algemene, organnspesifieke,teratogeniese, mutageniese of nkarsinogeniese effek toon nie.

6 FARMASEUTIESE BESONDERHEDE

6.1 Lys van eksipiënte
Laktosemonohidraat
Metielsellulose
Mikrokristallyne sellulose
Kroskarmellose natrium
Magnesiumstearaat

6.2 Onversoenbaarhede
Nie van toepassing nie.

6.3 Rakleeftyd
24 maande

6.3 Spesiale voorsorgsmaatreëls vir opberging
Bewaar teen of benede 25 °C
Hou die stolpstrokies in die karton totdat dit benodig word.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS

6.4 Aard en inhoud van die houer

Stolpverpakking

PVC met aluminiumfoelie
Tablette word in held 250 mikron PVC film as die vormingsmateriaal en 25 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m[2] hittegeseëlde lak as dekkingsmateriaal verpak.

Pakgrootte: 30s - Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

PVC/PVdC
Tablette word in held 250 mikron PVC film as die vormingsmateriaal en 60 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m[2] hittegeseëlde lak as dekkingsmateriaal verpak.

Pakgrootte: 30s - Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

6.5 Spesiale voorsorgsmaatreëls vir die wegdoen van ongebruik medisyne of afvalmateriaal van hierdie medisyne en ander hantering van die produk
Geen spesiale vereistes vir die wegdoen en hantering van **PRAMISUL** is nodig nie

7. HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE EN VERVAARDIGER
AUROGEN SA (PTY) LTD
Woodhill Office Park, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrecht Laan 53
Meyersdal Uitbr. 12 1448
Johannesburg
Suid Afrika

8. Registrasienommer
PRAMISUL 50 mg: 52/2.6.5/0418
PRAMISUL 200 mg: 52/2.6.5/0419

9. DATUM VAN EERSTE GOEDKEURING
10 Augustus 2021

P1528654

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBLAD

S5

PRAMISUL 50 mg (tablette)
PRAMISUL 200 mg (tablette)
Amisulpried
Bevat suiker: 50 mg en 200 mg laktose, respektiewelik.

Lees die hele inligtingsblad noukeurig voordat u begin om PRAMISUL te neem
- Hou hierdie inligtingsblad. U mag dit moontlik weer wil lees.
- As u enige verdere vrae het, moet u u dokter, apteker, verpleegster of ander professionele gesondheidswerker raadpleeg.
- **PRAMISUL** is vir u persoonlik voorgeskryf en u behoort nie u medisyne met ander deel nie, ookal toon hulle dieselfde simptome as u.

Wat is in hierdie inligtingsblad.
1. Wat is in hierdie inligtingsblad en waarvoor dit gebruik word.
2. Wat u behoort te weet voordat u **PRAMISUL** neem
3. Hoe om **PRAMISUL** te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om **PRAMISUL** op te berg
6. Inhoud van die pak en ander inligting.

1. Wat is PRAMISUL en waarvoor dit gebruik word.
PRAMISUL bevat 'n medisyne wat amisulpried genoem word. Dit behoort aan die groep van medisyne wat antipsigotiese middels genoem word.

PRAMISUL word gebruik om akute en chroniese skisofrenie te behandel. Skisofrenie is 'n geestelike gesondheidsfawyking wat kan veroorsaak dat u vreemde en skrikwekkende gedagtes ondervind, of dinge voel of sien of hoor wat nie bestaan nie.

2. Wat u behoort te weet voordat u begin om PRAMISUL te neem

Moenie PRAMISUL neem nie:
- As u allergies teen **PRAMISUL** of enige van die bestanddele van **PRAMISUL** is nie (kyk na afdeling 6).
- As u ander medisyne neem wat die risiko vir die ontwikkeling van torsade de pointes ('n soort abnormale hartritme) mag veroorsaak of vererger, of die QT-interval mag verleng; sulke medisyne is kinidiendisopiramied, amiodaroon en sotalol (medisyne wat gebruik word om abnormale hartritme mee te behandel).
- As u aan borskanker of enige van die volgende tumors ly: prolaktien afhanklike tumor, byniertumor.
- As u jonger as 15 jaar oud is.
- As u swanger is of beplan om swanger te raak.
- As u borsvoed.
- As u moontlik swanger mag raak en nie voldoende voorbehoeding gebruik nie.
- As u aan erge nierprobleme ly.
- As u behandeling met medisyne soos bepridiel, kisapried, sultopried ('n antipsigotiese middel), tioridasien, metadoon, IV eritromisien, IV vinkamien (gebruik om bloeddruk te behandel), halofantrien en pentamidien of sparfloksasien ondergaan.
- As u behandeling met levodopa ondergaan (gebruik om Parkinson se siekte te behandel).

Waarskuwings en voorsorgsmaatreëls

Vertel u dokter voordat u **PRAMISUL** neem.

Neem spesiale sorg met **PRAMISUL**:
- Hierdie klas van medisyne kan 'n sindroom met die naam van Neuroleptiese Kwaadaardige Sindroom, 'n potensieel fatale komplikasie veroorsaak wat gekenmerk word deur hoër liggaamstemperatuur as normaal, spierstyfheid, wisselende bewussyn en hoë bloedvlakke van Kreatienfosfokinase (KPK), 'n ensiem wat in die liggaam gevind word. In die geval van hoë temperatuur, veral met hoë daaglikse dosisse, behoort alle antipsigotiese medisyne, insluitende **PRAMISUL** ontrek te word.
- Hiperglukemie is met hierdie klas medisyne waargeneem. As u daarom aan diabetes mellitus ly, of enige risikofaktore vir diabetes het, moet u bloedsuikervlakke gereeld gemonitor word.
- As u vir 'n abnormale bloedklontafwyking behandel word (tromboëmbolisme).
- As u ouer as 65 jaar oud is.
- As u vir epilepsie (stuipaanvalle) behandel word. **PRAMISUL** mag veroorsaak dat u meer aanvalle kry.
- As u aan demensie ly.
- As u ewe skielik ophou om **PRAMISUL** te gebruik, mag u onttrekkingsimptome ondervind (Sien **"As u ophou om PRAMISUL te neem"**).
- As u aan 'n kardiovaskulêre siekte ly.

Ander medisyne en PRAMISUL
Stel altyd u professionele gesondheidswerker in kennis as u ander medisyne neem. Dit sluit alle komplementêre en tradisionele medisyne in.

Voordat u **PRAMISUL** neem moet u u dokter in kennis stel as u enige van die volgende medisyne neem, aangesien dit die kans vir newe-effekte verhoog wanneer dit saam met **PRAMISUL** gebruik word.

Die volgende kombinasies word teenaangedui:
- **PRAMISUL** verhoog die risiko van disritmieë (abnormale tempo van sametrekking)) as dit saam met die volgende geneem word.
  - Bepridiel (gebruik vir borspyn)
  - Kisapried (gebruik vir gastroësofagale refluksiekte)
  - Eritromisien ('n antibiotika gebruik vir infeksies)
  - Metadoon (gebruik om opioïedafhanklikheid en chroniese pyn te behandel)
  - halofantrien (gebruik om malaria te behandel)
  - Pentamidien (gebruik om pneumonie te behandel)
  - Sparfloksasien ('n antibiotika vir infeksies)
  - Kinidien en disopiramied (gebruik om abnormale hartritmes te behandel)
  - Amiodaroon en sotalol(gebruik om abnormale hartritmes te behandel)
  - 'n Groep medisyne wat betablokkeerders of kalsiumkanaal-blokkeerders genoem word (gebruik om hoë bloeddruk te behandel)
  - Klonidien (gebruik vir hoë bloeddruk), digoksien (gebruik om hartversaking te behandel), guanfasien (gebruik om angs en hoë bloeddruk behandel)
  - Litium (gebruik om depressie te behandel)
  - Medisyne wat 'n elektrolietwanbalans of hipokalemie (lae kalsiumvlakke in die bloed) kan veroorsaak. Voorbeelde van hierdie produkte is: diuretika (watertablette), lakseermiddels, amfoteresien B inspuiting ('n swamweerder), glukokortikoïede (gebruik om allergieë te behandel)
  - Meflokien (gebruik om malaria te behandel).
- **PRAMISUL** en levodopa:" **PRAMISUL** veroorsaak teenoorgestelde effekte as middels teen Parkinson se siekte

Die volgende kombinasies vereis voorsorgsmaatreëls vir gebruik:

Die gelyktydige gebruik van die volgende en **PRAMISUL** kan tot 'n oormatige effek lei:
- SSS-depressante, insluitende narkotika (vir die gebruik teen pyn), anestetika (gebruik vir narkose), pynstiller (gebruik om pyn te behandel), sederende H1 antihistamiene (gebruik vir allergieë), barbiturate (SSS-depressante) en bensodiasepiene (gebruik om angs, stuipaanvalle en slaaploosheid te behandel)
- Medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel en ander middels wat lae bloeddruk veroorsaak.

PRAMISUL met voedsel, vloeistof en alkohol

PRAMISUL mag die effekte van alkohol vererger. Daarom behoort alkohol nie gedurende behandeling gebruik te word nie.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

As u swanger is of u baba borsvoed, moet u asseblief u dokter , apteker of professionele gesondheidswerker raadpleeg voordat u **PRAMISUL** neem.

Moenie **PRAMISUL** as u swanger is of borsvoed nie.

U moet verseker dat u altyd voldoende kontrasepsie gebruik terwyl u **PRAMISUL** neem.

PRAMISUL mag newe-effekte in pasgebore babas veroorsaak.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

U mag lomerig en slaperig voel terwyl u **PRAMISUL** neem. As dit gebeur moet u nie motor bestuur of met masjinerie werk nie.

PRAMISUL bevat laktose

PRAMISUL bevat laktose wat 'n soort suiker is. Raadpleeg asseblief u dokter as u intolerant teen sekere suikers is.

3. Hoe om PRAMISUL te neem

Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie. Neem **PRAMISUL** altyd presies soos deur u dokter voorgeskryf. Raadpleeg u dokter of apteker as u onseker is.

PRAMISUL moet per mond geneem word.

Die dosis moet volgens die intensiteit van die afwyking aangepas te word. Die normale dosis is een keer per dag teen orale dosisse tot 400 mg per dag. Hoër dosisse behoort twee keer per dag toegedien te word.

Vir pasiënte met akute skisofrenie:
Orale dosisse van 400 - 800 mg/dag word aanbeveel.

U dokter sal u inlig oor hoe lank u behandeling met **PRAMISUL** sal duur. As u onder die indruk is dat die effek van **PRAMISUL** te sterk of te swak, raadpleeg asseblief u dokter of apteker.

As u te veel PRAMISUL neem

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. As hulle nie beskikbaar is nie, gaan na u naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

Lomerigheid (slaperigheid), sedering, koma (diep en dikwels verlengde bewusteloosheid), lae bloeddruk en ekstrapiramidale effekte mag in gevalle van oordosering voorkom. Ekstrapiramidale simptome sluit 'n gevoel van rusteloosheid, bewerige, stywe spiere, 'n gevoel van lomerigheid of slaperigheid insluit wat tot 'n verlies van bewussyn kan lei. Fatale uitkomste is aangemeld, hoofsaaklik in kombinasie met ander psigotropiese medisyne (antidepressante, antipiretika, kalmeermiddels) Is ekstrapiramidale simptome sou voorkom, behoort u anticholinergiese middels (bv. atropien) te neem.

Met oordosering behoort simptomatiese en ondersteunende behandeling toegedien te word.

Neem kennis dat hemodialise nie geskik vir die oordosering met **PRAMISUL** is nie.

As u vergeet het om PRAMISUL te neem

As u vergeet het om u dosis **PRAMISUL** te neem, neem dit so gou as wat u daarvan onthou, tensy dit byna tyd vir u volgende dosis is. Moenie die dosis verdubbel om vir 'n oorgeslaande dosis op te maak nie.

As u ophou om PRAMISUL te gebruik

Akute onttrekkingsimptome, insluitende naarheid, braking en slaaploosheid is aangemeld na die skielike staking van die gebruik van medisyne vir geestesafwykings. Weens die onwillekeurige mag u ook aan 'n terugkeer van die psigotiese simptome ly. Hierdie afwykings mag akatisie, distonie en diskinesie (onvermoë om stil te sit of die onvermoë om bewegings te beheer of onbeheerde rukbewegings van die liggaam.

Daarom word die geleidelike onttrekking van **PRAMISUL** aanbeveel.

4. Moontlike newe-effekte

PRAMISUL kan newe-effekte hê.

Nie al die newe-effekte wat vir **PRAMISUL** aangemeld is, word in hierdie inligtingsblad genoem nie. As u algemene gesondheid agteruitgaan of u ondervind enige newe-effek terwyl u **PRAMISUL** neem, moet u as u professionele gesondheidswerker raadpleeg.

As enige van die volgende gebeur moet u ophou om **PRAMISUL** te neem en onmiddellik u dokter raadpleeg, of gaan na die ongevalle afdeling van u naaste hospitaal:
- Allergiese reaksie
- Bradikardie (harttempo stadiger as normaal)
- Swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe, mond of keel wat moeite met sluk of asemhaling mag veroorsaak
- Uitslag met jeuk of blasies

Hierdie is baie ernstige newe-effekte. As u hulle ondervind, toon u dalk 'n baie sterk reaksie teen **PRAMISUL**. U het moontlik baie dringende aandag of hospitalisering nodig.

Stel u dokter in kennis as die volgende newe-effekte dikwels voorkom:
- Hardlywigheid
- Naarheid
- Braking
- Droë mond
- Bewerasie (van die hande of voete)
- Styfheid (fisiese styfheid en onvermoë om te buig)
- Oormatige speekselvloei (oormatig hoë speekseluitskeiding)
- Akatisie (gevoel van spierbewing en 'n behoefte om die hele tyd rond te beweeg)
- Hipokinesie (Gedeeltelike of totale verlies aan die gebruik van spiere)
- Diskinesie (inkorting van willekeurige beweging)
- Massatoename

Die volgende newe-effekte kom minder dikwels voor:
- Toename in serumprolaktienvlakke
- Galaktorree (oormatige of spontane melkvloei, ongeag of die persoon borsvoed of nie)
- Ginekomastie (oormatige groei van borste in mans)
- Geswelde borste
- Erektiele disfunksie (impotensie)
- Hiperglukemie (toename in die konsentrasie van glukose in die bloed)
- Slaaploosheid (onvermoë om te slaap)
- Angs
- Agitasie
- Orgasmiese disfunksie (onvermoë om 'n orgasme te bereik)
- Distonie (onbeheerbare spierbewegings)
- Torticollis ('n abnormale kondisie waar die kop een kant toe leun as gevolg van spiere wat aan die ander kant saamtrek)
- Okulogiriese krisis
- Trismus (verlengde spasma van die kaakspiere)
- Lae bloeddruk

Die frekwensie van die volgende newe-effekte kan nie vasgestel word nie:
- Leukopenie, neutropenie en agranulositose (abnormaal lae aantal witbloedselle)
- Toename in bloedsuikervlakke
- Tardiewe diskinesie gekenmerk deur ritmiese, onwillekeurige bewegings, veral van die tong en/of gesig
- Verhoging van lewerensieme, veral transaminases
- Onwillekeurige bewegings, veral van die tong
- Verwardheid
- Neurolepties kwaadaardige sindroom (sien **Spesiale sorg behoort met PRAMISUL geneem word**)
- Verlenging van die QT-interval (abnormale verandering in die hartpatroon wanneer op 'n EKG gemeet word)
- Ventrikulêre arritmie (abnormale tempo van spiersametrekkings in die hartventrikels)
- Veneuse tromboëmbolisme (okklusie van die bloedvat deur 'n embolus wat van 'n trombus weggebreek het)
- Pulmonêre embolisme (blokkasie van die bloedvate deur 'n bloedklont)
- Toename in bloedcholesterol

A u enige newe-effekte waarneem moet u u dokter of apteker in kennis stel

Aanmelding van newe-effekte
As u newe-effekte ondervind moet u u dokter of verpleegster raadpleeg. U kan ook die newe-effekte aan SAHPRA via: "**6.04 Newe-effekte Reaksie Aanmeldingsvorm**" wat aanlyn onder SAHPRA se publikasie wat aanlyn gevind kan word: https://sahpra.org.za//Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld kan u help om meer inligting om meer onligting oor die veiligheid van **PRAMISUL** te verskaf.

5. Hoe om PRAMISUL op te berg
Bêre teen of benede 25 °C

HOU ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS

Neem alle ongebruikte medisyne na u apteker terug.
Moenie ongebruikte medisyne in die riolering wegdoen nie (bv. toilette).

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting

Wat PRAMISUL bevat
Die aktiewe bestanddeel is amisulpried 50 mg en 200 mg
Die ander bestanddele is:
Laktosemonohidraat
Metielsellulose
Mikrokristallyne sellulose
Kroskarmellose natrium
Magnesiumstearaat

Hoe PRAMISUL lyk en inhoud van die verpakking

PRAMISUL 50 mg
Wit tot afwit, ronde onbedekte tablette met 'n breeklyn aan die een kant en "L 73" aan die ander kant.

PRAMISUL 200 mg
Wit tot afwit, ronde onbedekte tablette met 'n breeklyn aan die een kant en "L 75" aan die ander kant.

Stolpverpakking

PVC met aluminiumfoelie
Tablette word in held 250 mikron PVC film as die vormingsmateriaal en 25 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m[2] hittegeseëlde lak as dekkingsmateriaal verpak.

Pakgrootte: 30s - Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

PVC/PVdC

Tablette word in held 250 mikron PVC filmbedekte met 60 g/m[2] as die vormingsmateriaal en 25 mikron aluminiumfoelie met 7 g/m[2] hittegeseëlde lak as dekkingsmateriaal verpak.

Pakgrootte: 30s - Elke karton bevat 3 stolpstrokies van 10 tablette elk.

HOUER VAN DIE SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE EN VERVAARDIGER
AUROGEN SA (PTY) LTD
Woodhill Office Park, Gebou 1, Eerste vloer
Phillip Engelbrecht Laan 53
Meyersdal Uitbr. 12 1448
Johannesburg
Suid Afrika

8. Registrasienommer

PRAMISUL 50 mg: 52/2.6.5/0418
PRAMISUL 200 mg: 52/2.6.5/0419

Hierdie blad is laas hersien op:

10 Augustus 2021